Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens. 1 Des. 1948 Prys 3d. No. 4

## Word Lid van A.P.

Die Vaderland berig dat prof. dr. H. M. van der Westhuysen, Gebiedsleier van die Ossewabrandwag in Noord-Transvaal, ook lid van die Afrikanerparty geword het. Hy het aangesluit by die Silvertonse tak. Prof. Van der Westhuysen is hoof van die fakulteit van Afrikaanse Kuns en Kultuur aan die Universiteit van Pretoria.

# Ierland Toon Dat Tyd Nou Ryp Is Vir Republiek

Van begin aanstaande jaar af sal Ierland 'n volkome republiek wees. Die wetsontwerp wat tans deur die parlement geloods word en die laaste teken van onderhorigheid aan Brittanje wil verwyder, sal dan in werking kom. Die Britse koning sal daarna geen plek meer in die Ierse konstitusie hê nie; sy plek sal geneem word deur 'n verkose president uit die Ierse volk self. Afgesien van die noordelike deel van Ierland wat nog onder Britse beheer staan, sal die Iere hiermee 'n ideaal verwesenlik waarvoor baie bloed geoffer is oor 'n tydperk van 700 jaar.

Van Britse kant is geen vinger verroer om hierdie ontwikkeling te belet nie. Inteendeel, Brittanje het by monde van sy eerste minister die ongekende verklaring gedoen dat Ierland nog dieselfde voorregte ten opsigte van Brittanje sal geniet as voorheen toe hy lid van die Statebond was, en al die ander dominiums het soortgelyke verklarings uitgereik — ook Suid-Afrika. Handels- en kulturele betrekkinge tussen die Statebond en Ierland sal gehandhaaf bly soos voorheen en Ierse onderdane sal nie as vreemdelinge in Brittanje of sy dominiums beskou word nie — 'n vergunning sonder voorbeeld in die geskiedenis.

### GELATENHEID

Die enigste beswaar in Brittanje het gekom van die groot imperialis Churchill, wat gewaarsku het dat dit 'n voorbeeld skep van 'n land wat voorregte ontvang sonder wederkerige verpligtinge. Maar selfs die Cape Times moes erken dat hierdie beswaar nie met veel vuur geskied het nie, en dat dit meer 'n formele beswaar skyn te wees as 'n uitbarsting van woede. Oor die algemeen het die Engelse pers die ontwikkeling dan ook met groot gelatenheid aanvaar. Die Cape Times gee as rede hiervoor dat Ierland in praktyk reeds sy volle lidmaatskap met die Britse Statebond verbreek het toe hy by die uitbreek van die oorlog onsydig gebly het.

### SONDER OFFERS

In elk geval toon die Ierse stap dat Brittanje geen ander houding meer kan inneem as om met 'n goedige glimlag die vryheid te gun aan diegene wat dit wil vat nie, en dat dit ook gevat kan word sonder enige offer of ongerief vir die betrokke volk. Hiermee veral ook 'n hele boel argumente teen die republikeinse strewe in Suid-Afrika.

Die vraag is daarom of die sielkundige oomblik vir Suid-Afrika nie ook nou aangebreek het om sy republiek uit te roep nie. Toestande mag dit later heelwat moeiliker maak wanneer omstandighede miskien weer mag verander.

# Naturel se Vertroue Moet Gewen Word Sê K.G.

**Die uitslag van die verkiesing van naturelle-senatore moet ons laat besef dat ons verseker is van die haat en wantroue van agt miljoen naturelle in ons vaderland, en die vraag moet gestel word of die strewe om die naturel se vertroue in die Afrikaner te herstel nie ewe noodsaaklik is as negatiewe maatreëls ter beveiliging van die blankedom in ons land nie, het die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, voorverlede week gesê toe hy 'n Afrikanerparty-vergadering op Parys toegespreek het.**

Te Parys is op 20 deser 'n Afrikanerpartyfunksie gehou en 'n goeie gehoor het in die eetsaal van die Stadsaal bymekaar gekom onder voorsitterskap van mnr. Van Wyk. Sprekers was mnr. J. S. Labuschagne, L.V. en die K.G., dr. Hans van Rensburg, wat as lid van die A.P. opgetree het. Albei sprekers het die absolute noodsaaklikheid van Afrikanersamewerking op hierdie kritieke tydstip beklemtoon. Verder het dr. Van Rensburg veral twee dinge behandel, naamlik die gevaarlike posisie waarin die hele wêreldblankedom (en nie net Blank Suid-Afrika nie) geraak het as gevolg van die oorlog en ook die noodsaaklikheid in ons huidige politieke posisie in Suid-Afrika dat die Afrikanerparty voortbestaan en as brug dien vir diegene wat om dié of daardie rede nie aan een van die twee grootpartye kan of wil behoort nie.

### WAARDERING

Op die kwessie van die stryd waarin Blank Suid-Afrika gewikkel is het spreker gesê dat hy selde in die afgelope jare om een vuurtjie gesit het met adv. Eric Louw, maar hy wil as Afrikaner sy hoed afhaal vir die wyse waarop mnr. Louw Suid-Afrika se saak voor die V.V.O. gestel het. Spreker het beklemtoon dat die pasafgelope verkiesing vir Naturelleverteenwoordigers in die senaat vir hom 'n skok was; baie van ons het onder invloed van die koerante gemeen dat twee van die nasionale kandidate (mnre. Van Rensburg en Van Rooyen) 'n kans gehad het om die paal te haal. Wat het gebeur? Een het sy deposito verbeur en die ander het nie veel beter gevaar nie. Ons het die duidelike bewys dat die naturel, sowat agt miljoen sterk in ons vaderland, feitlik en bloc teen die Afrikaner gekant is. Ons is versekerd net van hul haat en hul wantroue.

### SELFONDERSOEK

Dit is genoeg om enige verstandige mens tot nadenke te stem. Ons kan die oorsaak soek



Dr. Hans van Rensburg.

in die roekelose aanhitsing wat naturelle in die afgelope jare van syde uitlanderelemente gekry het; opstokers uit kommunistiese en ander oorde — mense wat geen anker in hierdie land het nie en die vuur aan die brand steek om dan weer pad te gee. **Maar ons moet ook dieper soek en onsself afvra of bloot negatiewe optrede, onderdrukking van gevaarlike agitators ensovoorts, genoeg is; en of positiewe optrede — die strewe om die vertroue van die naturel weer vir die Afrikaner te wen, nie ewe noodsaaklik is nie. Spreker neem aan dat ons leiers hierdie positiewe aspek van die saak voor oë hou en dat ons so sal handel dat ons aan die kwaadwillige opstokers nie onnodige ammunisie in die hand speel nie.**

### BY HERTZOG

Wat die A.P. betref, hierdie is die eerste keer in spreker se lewe dat hy as lid van 'n party op 'n partyplatform spreek. Laaste keer wat hy partylid was, was nog in Stellenbosch as student — baie lank gelede — toe hy die leiding van wyle generaal Hertzog in die ou Nasionale Party gevolg het. Intussen was hy staatsamptenaar en nou volg hy weer, nog in die gees van generaal Hertzog, as lid van die Afrikanerparty, „en ek is dankbaar dat ek dit in sulke goeie geselskap kan doen soos wat ek hier aantref", het die K.G. besluit.

# A.P.-Kongres Vandag

**Daar heers groot belangstelling in politieke kringe oor wat daar sal voortspruit uit die Uniale kongres van die A.P. wat vanoggend in Brakpan begin omdat mnr. N. C. Havenga, leier van die party, waarskynlik aanduidings sal gee oor die toekoms van die Afrikanerparty en hom ook sal uitlaat oor lewensbelangrike vraagstukke.**

Mnr. N. C. Havenga, sal vanaand by geleentheid van die opening van die A.P.-kongres 'n toespraak hou.

Dr. Hans van Rensburg sal die kongres bywoon as gewone lid.

# „O.B.'S EN JODE": VERKLARING VAN K.G.

Die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, skryf:

Volgens Transvaalse blaaie sou mnr. Nossel, 'n Joodse lid van die Kaaplandse H.N.P., wat voorgee in noue voeling met die H.N.P.-leiding te wees, verklaar het dat die Transvaalse H.N.P.-Kongres (in teenstelling met dié van die Kaap) die kwessie van opheffing van diskriminasie teen Jode as aspirant-lede van die hand gewys het omdat hulle dan die ban op die O.B. ook sou moes opgehef het.

Die redenasie sou blykbaar wees dat as die Transvaalse H.N.P. nie Jode sonder die O.B.'s kan kry nie, dan bly hulle liewer sonder die Jode ook.

Ek weet nie hoever mnr. Nossel se beweerde sienswyse die juiste posisie weergee nie; ook wil ons nie ons in die interne sake van die H.N.P. inmeng nie — veral nie dié van ons wat lede van die Afrikanerparty is nie en derhalwe die verband tussen die twee partye in ag moet neem.

Maar as ons sien wat vir gevare die blanke mensdom, en by name Blank Suid-Afrika, bedreig, dan voel ons dat dit net so wel is om te beklemtoon dat daar, ondanks rasse- en geloofsverskille, sekere algemeen blanke belange is wat saamhang met die voortbestaan van elkeen van ons wat hier 'n enigste vaderland gevind het. Daar kom tye waar jy met jou Engelssprekende of Katoliekgelowige (of Joodse) buurman gemeenskaplike optrede in blanke belang kan doen sonder om een jota of tittel van jou eie Afrikanerdom of Protestantisme in te boet.

En as ons let op die stygende golwe wat nader, dan moet dit 'n baie onverskillige toeskouer wees wat sê: „Daardie tyd het nog nie aangebreek nie."

Dit is onder andere om hierdie rede dat die gros van die O.B.'s so maklik die pad gevind het na die inklusiewe gedagte van die Afrikanerparty, wat as fundamentele toets stel die Hertzogvereiste van „Suid-Afrika Eerste."

Op ander kwessies kan elkeen van ons sy eie beskouinge nahou; maar met elkeen wat bereid is om hierdie beginsel getrou te volg kan gemeenskaplike Suid-Afrikaanse belange nagestreef word.

# Orkaan Vewoes Voorstad

**'n Skade ter waarde van ruim miljoen pond is verlede week by Roodepoort aangerig toe 'n orkaan die voorstad getref het.** Die wind het meer as twee vierkante myl van die dorp verwoes. Huise se dakke is afgewaai en mure is inmekaar gefrommel. Sowat 360 huise is gedeeltelik of geheel vernietig. Vier persone is gedood terwyl baie beseer is.

Die regering sowel as die provinsiale owerheid het dadelik begin met hulp om die nood te lenig terwyl liefdadigheidsorganisasies ook 'n hand bysit.

**Roodepoort is reeds driekeer tevore deur 'n orkaan getref, volgens ooggetuies, feitlik op presies dieselfde manier.**

# REPATRIASIE UITEINDELIKE DOELWIT

**Die uiteindelike doelwit van die regering is om die Indiërbevolking in Suid-Afrika tot die uiterste minimum te verminder, het die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, 'n afvaardiging van die Suid-Afrikaanse Indiërorganisasie meegedeel.**

Die wrywing wat daar tans tussen die blankes en die Indiërs bestaan is te danke aan die houding wat Indiese leiers ingeneem het en die onwettige immigrasie van Indiërs. Die regering beskou die Indiërs nie as 'n inheemse deel van die bevolking nie en repatriasie sal op vriendskaplike grondslag toegepas word. Die beleid sal nie van die reg geskei word nie en daar sal volle vergoeding wees.

Die afvaardiging het verklaar dat hulle hul nie met die beleid van die Minister kan vereenselwig nie.

Dr. Dönges het gesê dat Afrikaners reeds uit Argentinië en Angola in groepe gerepatrieer is, sodat dit geen nuwe beginsel in Suid-Afrika is nie.

# Byna 1,000 Belge Wag Nog Op Doodstraf

**Tot watter mate daar in Belgiese regeringskringe nog gedors word na die bloed van landseuns wat in die afgelope oorlog teen die kommunisme kant gekies het, blyk uit die kabinetskrisis wat ontstaan het oor die begenadiging van twee Belge. Die minister van Justisie Struye, het bedank as gevolg van kritiek op die begenadiging. Hy het die parlement meegedeel dat 232 Belge reeds tereggestel is uit 'n totaal van 1,116 wat deur militêre howe ter dood veroordeel is, en gevra of België, wat die doodstraf sedert 1860 afgeskaf het, kan voortgaan met hierdie teregstellings drie en 'n half jaar na die oorlog.**

Eerste minister Spaak het die kabinet ontbind en verlede Vrydag 'n nuwe samestelling aangekondig uit 'n koalisie van Sosialiste en Katolieke.

# VERKLARINGS NODIG WAT GERUS SAL STEL

Ek het in die jongste tyd met stygende teleursteling die nuutste gril van ons politieke lewe dopgehou. Vir my lyk dit asof die welwillendheid wat die nasionale bewind in die buiteland versamel het, nie ewe naarstiglik in die eie land nagestreef word nie. Ek bespeur tekens van 'n gespannendheid tussen die nasionale organisasies wat die regering aan bewind geplaas het. Dit voorspel nie baie goeds nie, en daarom ag ek dit my plig om die aandag van die volk op hierdie slaggate te vestig.

Onlangs het mnr. Charles te Water aangekondig dat die regering 'n lening in Amerika kan verkry indien dit verlang word. **Hierdie aankondiging het die Smuts-propaganda, wat steeds aanvoer dat die regering soveel wantroue in die buiteland geniet dat niemand aan hom geld wil leen nie, ontmasker as onjuis. Die regering geniet oënskynlik meer vertroue in Amerika as wat die Smuts-propagandiste vermoed het.** Miskien het die Smutsmanne iets mis gekyk wat die Amerikaners raakgesien het, nl. dat min. Klasie Havenga die bewaarder van die Suid-Afrikaanse skatkis is!

### VRYSTAAT

In Suid-Afrika egter word aangekondig dat die H.N.P. in die Vrystaat, die provinsie van Hertzog en Havenga, geen enkele setel aan die Afrikanerparty van min. Havenga nie toeken om te betwis namens die nasionaalgesindes nie.

In Parys het mnr. Eric Louw op die byeenkomste van die V.V.O. daarin geslaag om die oortuiging by vroeëre weifelaars te laat posvat dat Suid-Afrika, en by name die huidige regering nie onverdraagsaam is en onderdrukkend staan teenoor die land se nie-blankes en ander minderheidsgroepe nie. Die regering gun aan elkeen 'n eie, regverdige staanplekkie in die Suid-Afrikaanse son.

### ONSEKER

In Suid-Afrika, egter, eis die H.N.P.-leiers vanaf die openbare verhoog en op die party se kongresse dat sy bondgenoot die Afrikanerparty sy identiteit moet prysgee en by die H.N.P. moet insmelt!

Die verhouding tussen die O.B. en die H.N.P. bly ook nog steeds onseker. Die Kaaplandse H.N.P. het wel, volgens koerantberigte, op die party se Port Elizabeth-kongres O.B.-lede toegelaat om by die party aan te sluit mits hulle nie aan 'n organisasie met 'n „politieke strek-

**POLITIEK IN OËNSKOU**
**DEUR WAARNEMER**

king behoort nie. Wat beteken dit? Is die bedoeling hiermee om die H.N.P. deur vir O.B.-lede oop te maak? Dan is die uitnodiging lomp gestel. **Want hoewel die O.B. beslis nie 'n party-politieke of parlementêre organisasie is nie, kan tog aangevoer word dat die republikeinse O.B. 'n politieke strekking het.**

### ONBEKEND

Wat op die Vrystaatse en Transvaalse kongresse van die H.N.P. besluit is ten aansien van die O.B. is onbekend. Oënskynlik handhaaf die Transvaalse H.N.P. nog steeds die beleid wat op verlede jaar se kongres van die party aangeneem is nl. dat O.B.-lede by die H.N.P. mag aansluit op voorwaarde dat die Grootraad van die O.B. die ideaal van 'n partylose staat verwerp.

**Van ampsweë het die H.N.P. egter tot op datum nog geen uniale beleidsverklaring uitgereik insake die party se standpunt oor die O.B. nie. Wat wel begin deurskemer is dat die Afrikanerparty moeilikheid met sy H.N.P.-bondgenoot ervaar oor die kwessie van A.P.-kandidate wat ook O.B.-lede is. Om een of ander rede skyn die H.N.P.-leiding nog onwillig te wees om sy seën amptelik oor sodanige kandidate uit te spreek.**

### UNIAAL

Die O.B. is 'n uniale organisasie én dit sal ongetwyfeld veel bydra tot die samewerking tussen O.B.-lede en H.N.P.-lede indien die Federale Raad van die H.N.P. 'n gesaghebbende en ondubbelsinnige verklaring uitreik oor die party se standpunt ten opsigte van die O.B. van so 'n uniale verklaring kan die Grootraad van die O.B. notisie neem en die Grootraad kan amptelik namens die O.B. daarop reageer. **Onder huidige omstandighede, wanneer die verskillende provinsiale H.N.-partye botsende standpunte oor die O.B. inneem is dit vir die O.B. wat 'n uniale organisasie is onmoontlik om te reageer.**

### WIL SAAMWERK

Die nasionaalgesindes, afgesien van organisasieverband, voel vir samewerking. Dit ly geen twyfel nie. Daar heers egter vandag 'n gespannendheid en onrustigheid onder gewone manne en vroue omdat die vermoede dat alles nie pluis is nie, geleidelik posgevat het. **Dit is die taak en die plig van die leiers om hulle eie volgelinge en die lede van bevriende organisasies gerus te stel.**

# Rusland Stuur Geld Vir Stakings

**Uit Moskou is aangekondig dat die „mynwerkers" in Rusland sowat £50,000 tydens die stakings in Frankryk aan die Franse mynwerkers gestuur het.**

**In die Franse parlement is ook onlangs bekend gemaak dat 'n Franse bank wat deur Rusland besit word, verantwoordelik is vir die oordra van Russiese geld om die ondergrawing aan te help.**




# Rooi Bevryding Vir Hollanders In Kampe

**In Nederland word duisende burgers nog steeds in tronke en kampe aangehou omdat hulle in die oog van hul regering verkeerd gekies het toe die ongemaklike keuse hom voorgedoen het om òf saam met die nasionaal-sosialisme teen die kommunisme te veg òf saam met die kommunisme teen die nasionaal-sosialisme. Vandag weet die wêreld dat diegene wat eersgenoemde alternatief gekies het, se onvergeeflike fout was dat hulle te gou teen die Rooi hordes gaan veg het. Hulle moes rustig gebly het totdat die Rooi vloed eers oor Holland geslaan het.**

**Tans dring 'n verskriklike keuse hom aan hulle op, naamlik om, wanneer die nuwe oorlog uitbreek, te wag op die verlossing wat Rusland vir die kamp- en tronkbewoners bring en dan mee te help, of onder te gaan in 'n Russiese kamp.** Hierdie keuse word behandel in 'n brief van 'n Hollandse vrywilliger wat teen die Russe gaan veg het, en nou „gerugte van bevryding" vanuit Moskou verneem.

Hy verklaar dat hy reeds drie jaar agter die doringdraad sit. Daar dring gedurig gerugte die kamp binne omtrent boodskappe oor spesiale senders. Soms is dit vaag en soms het dit vaste vorm en op een keer was dit selfs 'n persoonlike boodskap. **Dit was 'n mededeling en groete afkomstig van 'n gevange SS-soldaat, 'n strydmakker wat tans lid is van die Von Paulus-leër.**

Steeds hoor mens: **„Kamerade in die kampe, hou moed, ons kom gou." En langs duistere weë hoor mens: „Bly rustig in julle kampe as dit sover is, daar sal niks met julle gebeur nie."**

### BESETTERS

As die Rooi bevryders die land beset, so lui die brief, sal dit die Sowjet-Duitsers onder genl. Von Paulus wees wat gebruik sal word. „Dit is immers die mense wat Stalin nodig het om die Franse, Belge en Nederlanders onder te hou. Verbitterde huurlinge wat vir eie rekening nog 'n appeltjie te skil het met die Weste. Dit sal die manne wees wat die terreur oor die land sal versprei. Mongole kan veg, maar nie administreer nie. Die besettingsleër sal hoofsaaklik uit Duitsers bestaan wat eenmaal gesweer het: ‚Die Duitsers sal terugkom met die hamer en die sekel' asook uit ‚Germaanse vrywilligers' wat van verlange brand om af te reken met diegene wat hul gesinne mishandel en hul kamerade vermoor het. **Hulle almal sal 'n nuttige instrument wees in die hand van 'n terreurorganisasie."**

### DIE KEUSE

Hy gaan voort: „Ons het 'n skuld by die Sowjet-Unie wat ons eintlik slegs met ons eie lewens kan betaal. Want ons het vrywillig deelgeneem aan 'n massale poging om die vaderland van alle arbeiders te vernietig. **Die Sowjet-Unie is egter grootmoedig. Hy wil die verlede vergeet as ons ons foute van die verlede goed wil maak deur in diens te tree van die Von Paulus-leër.** As Sowjet-vrywilligers is ons natuurlik verseker van alle voorregte. As ons hiertoe nie bereid is nie, dan bly daar vir ons niks anders oor nie as ons arbeid in diens te stel van die proletariese vaderland en dan word ons baie dringend uitgenooi om in gereedstaande goederewaens te klim. Wie dan nog lewendig in 'n arbeidskamp aankom, is verseker van 'n vreeslike ondergang."

**Wie sal met dié mes op die keel karakter toon? vra die skrywer, want elke mens kleef aan sy lewe en hoeveel sal aansluit as voormalige kamerade begin werf? „Hoeveel sal hulle op dié oomblik nie deur 'n gevoel van wraak teen diegene wat hulle in kampe gejaag en hul families aan ellende prysgegee het, laat meesleep nie?"**

# Land Se Goud Raak Vinnig Gedaan

**As gevolg van die wanverhouding in die Unie se in- en uitvoer het die land se goudreserwe die afgelope agt maande met die helfte gedaal. Die Unie besit nou net goud ter waarde van £55.4 miljoen pond. Verlede jaar het die Smutsbewind £80 miljoen se goud aan Engeland „geleen", maar hoe die Unie dit in enige ander vorm as sterling sal terugkry, moet nog gesien word.**

# A.P. Gevestig Langs Oranje-Rivier

**Die organisasie van die Afrikanerparty langs die Oranjerivier in die kiesafdelings Gordonia en Calvinia is nou gevestig en sal voortaan vlot funksioneer, het mnr. W. R. Laubscher, sekretaris van die A.P. in Wes-Kaapland, in 'n onderhoud verklaar. Mnr. Laubscher het so pas teruggekeer van 'n organisasiereis.**

Die plaaslike leiers in die twee betrokke kiesafdelings is ook besig om nuwe takke in die lewe te roep. Die bestaande takke is saamgevoeg onder die Sub-afdelingsbestuur van Upington en die sub-afdelingsbestuur van Kakamas. 'n Afdelingsbestuur vir albei kiesafdelings is ook saamgestel. Orals in die kiesafdelings is vergaderings gehou en organisasiewerk gedoen.

Mnr. Laubscher verklaar dat lede van die H.N.P. sowel as die V.P. hulle opwagting by hierdie vergaderings gemaak het en dat daar 'n gees van eensgesindheid onder die nasionale Afrikaners heers. Hulle voel dat daar voortgebou moet word op die eenheidsbasis soos mnr. N. C. Havenga aangedui het, nl. dat elkeen sy aparte identiteit behou. Daar is ook groot waardering vir die bydrae wat mnr. Havenga tot die oorwinning gelewer het.

# Publiek Sal Nou Betaal Vir Rooi Propaganda

**Waartoe die tienjaarlange beskerming van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika deur die Smuts-bewind gelei het, is baie duidelik geïllustreer met die verkiesing van mnr. Sam Kahn tot lid van die Unie-volksraad waar hy voortaan as prediker van die Kremlin-geloof sal optree. Hierdie ontpopping van die Kommuniste behoort vir die nasionale bewind, wat reeds belowe het om klaar te speel met die Kommuniste, as 'n spoorslag te dien om nie langer te talm nie.**

## Uitwerking Van Kommunis Se Verkiesing

**Die verkiesing van die Kommunis tot L.V. beteken dat die belastingbetalers jaarliks £1,000 sal bydra om 'n Kommunis in staat te stel om sy rewolusionêre taak voort te sit. Aangesien volksraadslede gratis per spoor reis, sal mnr. Kahn nou gratis van plek tot plek reis om sy leerstellings te verkondig en as naturelleverteenwoordiger sal hy amptelike toegang hê tot die naturellebuurtes.**

Die uitslag was as volg:

| | |
|---|---|
| S. KAHN (Kommunis) ... | 3780 |
| D. M. Buchanan (Onafh.) | 754 |
| A. P. v.d. Merwe (Nas.) ... | 194 |
| Kommunis meerderheid | 3026 |

### PERSMENINGS

Die Cape Times verklaar dat die uitslag van die verkiesing 'n terugslag is vir die stelsel van naturelle verteenwoordiging. Voorheen het die naturelle met hul keuse altyd 'n sin van verantwoordelikheid openbaar, maar met die verkiesing van 'n kommunis het dit verdwyn. Mnr. Kahn wat deur 'n blanke kiesafdeling verwerp is, maak nou sy verskyning met die behulp van die naturelle en voorsien die reaksionêres met argumente dat daar inherent in die naturelle verteenwoordiging 'n onvolwassenheid en onverantwoordelikheid is wat dit nodig maak dat dit afgeskaf moet word. **In die buiteland is die saak van demokratiese verteenwoordiging vir naturelle verswak deurdat daar aangevoer kan word dat hierdie demokrasie aanleiding gee tot die versterking van die kommunisme, die mees anti-demokratiese faktor in die wêreld van vandag.**

### ONTWORTELDES

Die Cape Argus verklaar dat die blankes nie van die feit kan wegkom dat dit naturelle is wat die eerste Kommunis na die parlement gestuur het nie. **Hierdie naturelle is 'n stedelike proletariaat wat bestaan uit ontwortelde mense wat dikwels onder smerige omstandighede leef in die stede van die witman. Die uitslag toon dat daar 'n ontevredenheid onder hierdie seksie is en moet daarom as 'n waarskuwing aanvaar word dat daar onder die naturelle griewe bestaan wat nie nagelaat kan word nie.** Mense draai nie na Moskou omdat hulle lone te hoog is en hul lewensomstandighede gerieflik is nie, maar vir die teenoorgestelde rede.

Die Suiderstem verklaar dat sy bewering dat die Nasionaliste besig is om die nie-blankes in die arms van die Kommuniste te jaag, nou bewaarheid is.

### ONTSTAMDES

**Die Burger verklaar dat die Kommunistiese gevaar onder die ontstamde naturelle lê Dit is hulle wat van die stamlewe losgeruk is om in die Kaapse fabrieke te kom werk, wat aan die Kommuniste die meerderheid van 3,000 besorg het.** In sover die nywerheid hier nie sonder swart werkvolk kan klaarkom nie, beteken die skepping van 'n swart proletariaat, met integrasie in die politieke lewe van die blanke soos onder die huidige stelsel, niks anders as 'n premie op Kommunistiese agitasie nie, aldus die blad.

# SUIDWES WORD NASIONAAL

Daar is alle tekens dat die Verenigde Party grond in Suidwes-Afrika verloor. Tydens die afgelope tussenverkiesing te Otjiwarongo het die Nasionale kandidaat die setel met 'n meerderheid van 243 van die V.P. afgeneem. Die V.P. se vorige meerderheid was 13.

Politieke kringe meen dat indien daar 'n algemene verkiesing uitgeskryf word vir die Wetgewende Vergadering die Verenigde Party die meeste van hulle 14 setels wat hulle tans hou, sal verloor. Die stand van die partye is nou 14 vir die V.P. en 4 vir die N.P.

Kenners meen ook dat die N.P. waarskynlik al ses setels kan verower wanneer Suidwes verteenwoordiging in die Unievolksraad kry. Hierdie verkiesing (indien die regering met sy planne voortgaan), sal op dieselfde manier geskied as in die Unie.

Dit is egter heeltemal verkeerd om die Verenigde Party van Suidwes met die party van genl. Smuts te vereenselwig. Suidwes se V.P. is eintlik meer 'n Hertzog-party as 'n Smutsparty, en het sy naam dan ook gekry lank voordat die Verenigde Party in die Unie gestig is. Hy word natuurlik wel ook gesteun deur elemente wat geesgenote van die Smutsvolgelinge is.

# KLEURLINGE SÊ APARTHEID IS AANVAARBAAR

'n Kleurling-afvaardiging verteenwoordigende Transvaal onder leiding van Albertus Pop en bygestaan deur vyf ander Kleurlinge, het die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, verlede week in Pretoria gespreek en onder meer verklaar dat die Kleurlinggemeenskap geen beswaar teen apartheid het nie.

Hulle het 'n memorandum aan die Eerste Minister voorgelê waarin verklaar word dat die optrede van linkse mense en Kommuniste die samewerking tussen die oorspronklike rasse in Suid-Afrika belemmer. **Hulle is ten gunste van segregasie maar dan moet dit nie in die praktyk inkorting van die ekonomiese voorregte beteken nie.**

Dr. Malan het verklaar dat daar ook aparte woonbuurte vir Kleurlinge moet wees sodat hulle nie tussen naturelle hoef te woon nie. Die regering is ook van plan om Kleurlinge geleentheid in die staatsdiens en die handel te gee wat tot dusver vir hulle gesluit was.

# ,Transvaal Wou Jode Nie Voor O.B.'s Toelaat'

**Blykens 'n persgesprek van mnr. J. Nossel, leier van die Joodse vleuel wat die H.N.P. steun, het die H.N.P. in Transvaal tydens hul jongste kongres nie die verbod opgehef wat Jode verbied om lede van die H.N.P. te word nie. Aan die Cape Times het hy verklaar dat hierdie agterweëlating van die saak in verband staan met die party se houding teenoor die Ossewabrandwag omdat dit moeilikheid sal veroorsaak as die party Jode as lede toelaat en nie mense wat aan die O.B. behoort nie.**

**Mnr. Nossel verklaar dat daar 'n voorstel voor die kongres was om die verbod dat Jode lede van die party mag word, te herroep. Die voorstel is egter met sy verlof teruggetrek, en hy meen dat indien die voorstel bespreek is, dit die steun van die meerderheid sou weggedra het.** 'n „Invloedryke en belangrike Nasionalis" uit Kaapland het voor die kongres na Pretoria gegaan om voorbrand te maak vir die herroeping van die diskriminasie-verbod op Jode. **Hy het egter aan mnr. Nossel gerapporteer dat dit verstandig sal wees om die voorstel uit te stel met die oog op die soortgelyke verbod wat die Nasionaliste in Transvaal op die O.B. van toepassing het, aldus mnr. Nossel,** wat daaraan toegevoeg het:

„In sekere kringe is geredeneer dat die O.B. nasionaalsosialisme gedurende die oorlog ondersteun het en dat die Jode terselfdertyd teen die Nasionaliste was, en om Jode toe te laat maar nie O.B.'s nie, wrywing sal veroorsaak.

### TEGELYK

„Ek het daarom besluit dat dit in die beste belange van die party sal wees om die kwessie uit te stel in die hoop dat met verloop van tyd albei verbiedinge tegelyk opgehef sal word", het mnr. Nossel aan die blad verklaar.

As die verbod op Jode opgehef word sal daar 'n minderheid wees wat dit sal teenstaan.


Mnr. Nossel het beduie dat die Nasionaliste wat die kongres namens hom bygewoon het, verslag aan hom gedoen het. Hy sal nou met die Joodse groep wat hy in Johannesburg gestig het, skakel.

## Deure Sal Glo Gelyktydig Oopgaan, Sê Nossel

### „SKOUERHOOG"

Hy het ook aan die Cape Times verklaar dat hy hulp aan die H.N.P. in Stellenbosch verleen het tydens die tussenverkiesing en dat mnr. P. W. Botha, L.V., organiserende sekretaris van die H.N.P., hom meegedeel het dat 'n spesiale rapport aan dr. Malan voorgelê sal word oor die aandeel wat hy (mnr. Nossel) in die verkiesing gehad het.

**Volgens die blad het mnr. Nossel gesê dat hy trots is op die feit dat, nadat hy sowat 1,000 mense toegespreek het wat die oorwinning van die H.N.P.-kandidaat gevier het, hy toegejuig en skouerhoog gedra is deur die skare wat die „jongste student en die oudste professor" ingesluit het.**

**ALMAL afhanklik van Assuransie!**

Die **KINDJIE**—vir die sekerheid van 'n geldelik versorgde lewe, al is die ouer dan nie meer daar nie.

Die **SKOOLSEUN**—vir 'n opvoeding wat nie onderbreek sal hoef te word nie.

Die **STUDENT**—vir 'n beveiligde loopbaan. Sy studiegeld word gedek deur die polis wat in sy jeug al uitgeneem is.

Die **EGPAAR**—vir die geldelike beveiliging van die gesinnetjie en die eiendom wat hulle met soveel sorg en opoffering opbou.

Die **WEDUWEE**—vir 'n leeftog vir haarself en haar kroos, wat sy bymekaar kan hou en onder haar sorg kan opvoed.

Die **GRYSAARD**—vir die onbekommerde oudag wat hy nou kan geniet, danksy die polis wat hy nog as jongman uitgeneem het.

**Vir ELKEEN is daar 'n SANLAM-Polis!**

SANLAM

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENSASSURANSIE-MPY. BPK.

TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR: WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

9725-4



**DKB**

**GROOTHANDELAARS BPK.**

**(Voorheen Die Kopersbond Bpk.)**

KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD

FOON 3-0423 POSBUS 2120

***DAMESROKSTOWWE:***

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

***HEMDE:***

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

**Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word**

*Die Firma wie se voorrade nie op u rakke bly lê nie.*

**Verspreiders van TOOTAL Fabriekate.**

DIE O.B., WOENSDAG, 1 DESEMBER 1948

# SKOP HULLE UIT

Die verkiesing van die eerste Kommunis tot die Unievolksraad vereis 'n grondige naspeuring van ons posisie, veral as in aanmerking geneem word dat hy 'n meerderheid van 5 teen 1 oor 'n Engelssprekende behaal het wat in elk geval geen ondersteuner van die huidige regering is nie. **Dit toon dat ontstamde naturelle in die blanke gebied vir meer as tagtig persent vatbaar is vir kommunistiese propaganda en gewillig is om hulle te leen vir Kommunistiese politieke oogmerke.** Daar sal moet ingegaan word op die redes waarom dit so is, en toekomstige beleid sal daarby aangepas moet word.

In die eerste plaas is dit 'n bekende feit dat nasionalisme een van die grootste teenwigte van die kommunisme is. Dit is hoofsaaklik diegene wat losgeraak het van hul eie volk wat die eerste slagoffers van die kommunisme val, en daarom is die liberalisme met sy gelykskakeling van ras en volk die wegbereider van die Rooi Vloed. Dit was dan ook nog altyd in die verlede aanvaar dat kommunistiese leerstellings nie vat op die stamnaturelle kon kry nie. **Maar wat hulle wel daar regkry is om haat teen die blanke as ras te stook met of sonder ekonomiese beweegredes.**

Dit sal dus deel van ons staatsbeleid moet wees om die nasionale bande van die naturellebevolking met alle middele te versterk. Maar hoewel nasionalisme die groot behoudende faktor is, het die geskiedenis ook getoon dat ekonomiese ellende aan hierdie bande knaag en dit uiteindelik vernietig met behulp van kommunistiese leerstellings. Ten aansien van die naturelle sal daar dus ook 'n beleid gevolg moet word wat wesenlike griewe op stoflike gebied in aanmerking sal neem. En 'n belangrike vraag in hierdie verband is of dit moontlik is om aan die naturel se stoflike aspirasies voldoening te verskaf binne die blanke gebied waar hy boonop nog onderhewig is aan 'n proses van denasionalisasie.

### GROOT LEUEN

Maar soos reeds genoem, is die kommunistiese revolusie nie net tot die stoflike beperk nie. Kommunisme is die groot leuen van Moskou wat in elke land hom inskakel by plaaslike omstandighede, hoe afwykend dit ookal van die leerstellings van Marx of Stalin is. **Geen duideliker bewys is hiervoor nodig nie as juis die verkiesingsprogram van Kommunis Sam Kahn. Waar in Rusland 'n man met die dood of verbanning gestraf word vir die besit van 'n stukkie grond en miljoene „Kulakke" inderdaad soos vee na die slagpale vervoer is omdat hulle hul stukkie grond wou behou het, verkondig hierdie kommunis die reg op grondbesit aan naturelle wat in hul eie gebiede die kommunistiese ideaal van gemeenskaplike grondbesit beoefen! Aanstoking van rassehaat is in Rusland met die dood strafbaar, maar in Suid-Afrika is dit een van die sterkste planke in die kommunistiese veldtog.**

Waar dit die geval is, spreek dit vanself dat bevrediging van stoflike griewe alleen nog geen keer aan die Rooi ondermyning sal bring nie. **Die Kommunistiese Party self moet tesame met sy teelaarde uitgeruk word. 'n Onmiddellike verbod op hierdie bedrywigheid en terugsending van die Russiese diplomate, soos sommige Suid-Amerikaanse Republieke reeds gedoen het, is die eerste antwoord wat die regering moet gee en wat hy kan gee.** Daarvoor is geen kommissies van ondersoek nodig nie. Almal is bekend met die ideale en metodes van Karl Marx, Lenin en Stalin. Die Kommunistiese propagandakomitee in Moskou spog daarmee dat hy reeds 7,079 boeke in 50 verskillende tale uitgegee het waarin die Rooi revolusie se oogmerke en metodes onbeskaamd uiteengesit word. Verdere ondersoek is dus oorbodig, behalwe insover dit betrekking het op die naspeuring van kommunistiese aanhangers, wat net so goed ná as vòòr 'n verbod op kommunistiese bedrywighede kan geskied.

### GLASIES KLINK

**Dit is inderdaad 'n ironie dat Suid-Afrikaanse ampsdraers op hierdie late tydstip nog moet glasies klink met die Moskou-verteenwoordigers ter herdenking van die „Rooi Revolusie" soos aan die begin van verlede maand gebeur het!**

Dit is verder 'n uitermate groot teenstrydigheid dat lede van die Kommunistiese Party in die parlement sitting het van 'n land wat as blinde aanhangsel van Brittanje medeverantwoordelik is vir 'n beleid wat verbied dat Duitsers wat voor en tydens die oorlog aan die Nazi-party behoort het, in hul eie vaderland sitting mag hê selfs in 'n posisie van verantwoordelikheid in 'n private besigheid of as geskoolde werkers in 'n nywerheid. **En daarby moet onthou word dat die verbod in Duitsland betrekking het op 'n party wat die stryd klaar verloor het, terwyl ons in die kommunisme 'n mag het wat die beste kans het om 'n toekomstige oorlog te wen.** Met ander woorde, in Duitsland word 'n gewese lid van 'n verslaande party verbied om selfs deel te neem aan 'n nie-politieke bedryf, **maar in Suid-Afrika word 'n aktiewe lid van 'n party wat nie net wêreldoorheersing nastrewe nie, maar die middele het om sy doel te bereik, toegelaat om in die landsbestuur te sit.**

**Daar is geen verskoning vir verdere getalm om hierdie ongerymdheid uit die weg te ruim nie.**

# Historiese Noodwendighede

## *Buitelandse Oorsig Deur Prof. Dr. J. A. Wiid*

**Vir diegene wat in historiese noodwendighede of selfs in 'n historiese noodlot glo, sal die vernaamste wêreldgebeurtenisse van die afgelope maand weereens geen verrassings bring nie. Wêreldgebeure immers staan nog altyd in die teken van na-oorlogse ellende en van die onversoenbare teenstellings tussen die Washingtonse Weste en die Moskouse Ooste. Wêreldnuus bly dus maar jobstydings. Selfs onverwagte verkiesingsuitslae soos dié wat Churchill of Smuts in die politieke woestyn gestuur het of die onlangse presidentsverkiesing in Amerika wat 'n Truman in die Wit Huis gebring het, kan wel tydelike opgewondenheid veroorsaak, maar aan die gang van wêreldgebeurtenisse geen verandering bring nie. Die na-oorlogse gesukkel en die koue oorlog tussen die Weste en die Ooste gaan hul gang. Dit is nog maar altyd nyweerheidsontwrigtings, die styging van lewenskoste en die gevolglike dreigende inflasie wat in lande soos Amerika, Brittanje en Frankryk die toon aangee. Die Berlynse krisis en ander diepgaande verskille tussen die Weste en die Ooste openbaar geen tekens van verbetering nie. In die Verre Ooste is dit reeds lank nie meer 'n koue oorlog nie maar die grootste burgeroorlog van alle tye wat China teister en 'n bedreiging vir wêreldvrede lewer.**

### DIE LESSE VAN VERLEDE VERONTAGSAAM

Die troostelose na-oorlogse wêreld is 'n historiese noodsaaklikheid want dit is die treurige resultaat van treurige oorsake. Hoewel die kousale verband tussen oorsaak en gevolg vir elke redelike wese 'n vanselfsprekendheid is, skyn hierdie elementêre wysheid, veral op die gebied van internasionale verhoudings, bo die gebrekkige verstand van die mensekinders te wees wat vandag die hoogste woord in wêreldsake voer. Vandaar die misdadige stommiteit van oorwinnaars met hul teregstellings van oorwonne vyande, die vernietiging en plundering van nasionale bates soos fabrieke, droogdokke, patente, ens.; vandaar ook die langdurige militêre besettings met hul duisend-en-een tergende restriksies en uittartinge om die oorwonnenes nog verder te folter en te verneder. Besef die oorwinnaars van vandag dan nie dat hulle die oorwonnenes van môre kan wees nie? Begryp hulle nie dat hulle besig is om nasionale martelaars op groot skaal te lewer nie? Word die lesse van die geskiedenis so min ter harte geneem, of is dit die historiese noodlot wat daarvoor verantwoordelik is dat die wêreldleiers op 'n nuwe wêreldramp afstuur?

### DIE CHINESE BURGER-OORLOG

Onder die gebeurtenisse wat vandag 'n baie prominente plek in die wêreldbelangstelling inneem, verdien die Chinese burgeroorlog genoem te word. Volgens die jongste nuusberigte verkeer die Nasionale Chinese regering, die bondgenoot van Washington en Londen en een van die wêreld se „vyf grotes", in 'n haglike toestand. Dit is duidelik dat die Chinese beskermlinge van Washington groot gevaar loop om 'n vernietigende nederlaag teen die Chinese kommuniste, die Moskouse beskermlinge te ly. 'n Kommunistiese oorwinning in China sal in die Verre Ooste verreikende reperkussies hê. Die wekroep: Asië vir die Asiate sal hierdie keer nie deur Japan nie maar deur Rusland aangehef word. Britse, Franse en Nederlandse belange in die Verre Ooste sal opnuut in die gedrang kom. 'n Kommunistiese China sal ook verreikende gevolge vir Indië en Pakistan hê. Vir Amerika veral sal 'n kommunistiese oorwinning in Chrina noodlottig wees. Nie alleen sal al die Amerikaanse lenings aan sy Chinese bondgenoot afgeskryf moet word nie, maar die enorme handelsbetrekkinge tussen die twee lande sal 'n baie ernstige terugslag ondervind. Die posisie is dus so dat Amerika met sy atoombomme en al skaars daarin geslaag het om die gevaarlike Japanse konkurrent uit te skakel of 'n nuwe en gevaarliker mededinger, 'n kommunistiese China gerugsteun deur 'n kommunistiese Rusland, verskyn op die toneel. Deur op die sinlose eis van onvoorwaardelike oorgawe aan te dring, het die Amerikaners daarin geslaag om 'n natuurlike vyand van die Russe te likwideer en die weg te baan vir 'n kommunistiese oorwinning in die Verre Ooste. Selfs al sou die Weste met sukses van die gewese Japanse vyande gebruik kon maak as kanonvoer teen die kommunisme, dan nog is dit baie twyfelagtig of die Aandland ooit weer sy vorige magsposisie in Asië sal inneem. Die oorwinnings van die Chinese kommuniste, die moeilikhede van Engelse in Maleia, van Franse in Indo-China en van Nederlanders in Indonesië, sowel as die terugtrekking van die Britte uit Birma en Indië spreek almal 'n baie duidelike taal. Dit is 'n historiese noodsaaklikheid waarvoor die Weste mede-verantwoordelik is.

### IERSE ONAFHANKLIKHEID

'n Ander voorbeeld van historiese noodsaaklikheid is die Ierse onafhanklikheid wat gedurende die afgelope maand 'n voldonge feit geword het. Dit spreek egter vanself dat die Britse propagandiste dit nie in hierdie lig sien nie. Vir die Britse propagandiste wat dit verstaan om die eie loflied te sing, is die Iere, net soos Republikeinse Afrikaners, nou maar eenmaal dom, ondankbare mense wat hul eie geluk as Britse onderdane nie kon waardeer nie, mense wat maar altyd daarop uit is om rusie te maak. Vir die Ierse geskiedenis onder Engelse heerskappy met al die tergende, vernederende en skandelike Britse maatreëls, het die Britse propagandiste weinig verstand en nog minder simpatie gehad. Vandaar dat Suid-Ierland gedurende die jongste Wêreldoorlog sy neutraliteit kon handhaaf en skynbaar ook goed daaronder gevaar het, soos menige Britse besoeker uit die land van gebrek kon getuig.

### FRANKRYK

Dit is nie alleen in die Verre Ooste en in Ierland waar historiese noodwendighede gekweek word nie. Gebeurtenisse in Frankryk dui daar op dat reaksionêre elemente in Frankryk, onder die vaandel van De Gaulle, vinnig veld wen. Vir die Westerse bondgenote is hierdie Franse ontwikkeling nie baie welkom nie. Daar word gevrees dat die ontstaan van uiterste met-mekaar-botsende groepe in Frankryk, hierdie land sal uitskakel as 'n vername faktor in die verdediging van Europa teen Rusland. Die jongste oorlog het reeds bewys gelewer dat Frankryk as militêre faktor nie langer dieselfde gewig dra as gedurende die Eerste Wêreldoorlog nie. Miskien is die Franse self bewus van hierdie minderwaardigheid. Vandaar dat hulle allerhande kortsigtige eise ten opsigte van die Duitse Ruhrgebied stel. Franse herinner graag aan Duitse invalle in Frankryk maar hulle verswyg hoe Lodewyk XIV Duitse gebied geannekseer het en hoe Napoleon Duitsland platgeloop het. Ten opsigte van Duitsland lyk dit of die Franse weer besig is, as hul bondgenote hulle toelaat, om historiese noodwendighede op te bou.

### DUITSLAND

Die na-oorlogse besette Duitsland kan in sy verknorsing moeilik as magsfaktor gereken word. En tog leef daar in hierdie verwoeste gebied nog altyd 70 miljoen van die arbeidsaamste, kragtigste en meerderwaardigste Europeane. Hul eie potensialiteite sowel as hul geografiese posisie in die hartjie van Europa maak hulle nog altyd 'n faktor waarmee rekening gehou moet word.

Die oorwinnaars wat Duitsland vandag beset, is weereens besig om in hierdie magtelose land historiese noodwendighede op te bou wat hulle nog eendag sal laat geld. 'n Amerikaanse joernalis wat onlangs Duitsland besoek het, berig die volgende: In 'n Duitse Hoërskool is die seuns gevra om 'n opstel oor die toekoms van Duitsland te skryf en hul menings waarheidsgetrou en sonder vrees uit te spreek. 'n Bedaarde seun het die volgende geskryf wat tipies van al die seuns was: „Ek was 'n lid van die Hitlerjeug en ek is nie spyt nie . . . ek was 'n Nazi en ek was gelukkig dat ek een was . . . ek kan gedwing word om uiterlike tekens van 'n ander geloof te gee, maar wat ek in my hart hou is myne vir altyd . . . O, my God, ek het Duitsland lief soos hy nou is, 'n hopelose verwoeste land, en ek sal in hierdie verwoeste land gaan met alleen die krag van my hande om daarin 'n paradys te skep pragtiger as die paradys van die Bybel. Dit sal my toekomsweg wees."

Dit staan vas dat daar 'n oorsaaklike verband tussen gebeurtenisse is en 'n mens hoef geen fatalis te wees om in historiese noodwendighede te glo nie.

# Indiërwet Allig Gewysig

Die regering het sy voorneme aangekondig om die eerste hoofstuk van die Indiërwet van 1936 (die tweede hoofstuk is onlangs herroep) te wysig, omdat hy nie tevrede is met die werking van die wet nie. Dit handel oor aparte woonregte. 'n Departementele komitee sal benoem word om mense in Natal te raadpleeg met die oog op aanbevelings vir die hersiening van die wet.

# BEROEPE IN SENAAT VERTEENWOORDIG

**Mnr. D. W. R. Hertzog, Pretoria, skryf:**

Elke burger het sy eie nering en tegelyk is ons almal burgers van een vaderland. Dáárom voel ek nie ten gunste van 'n stelsel wat ons net as vakmanne beskou nie en net so min vir 'n stelsel wat ons almal as een selfde soort Jan Kiesers aansien. Dáárom verwelkom ek u artikel oor beroepsverteenwoordiging in die Senaat. Nie alleen verbeter dit die stelsel wat ons nou het nie, maar dit gebeur sonder 'n groot verstoring in die bekende samestelling van ons landsregering. Dis 'n verandering sonder skok. „Haast U langzaam" is altyd 'n goeie wagwoord wanneer staatsake op die spel is anders kan 'n goeie rigting maklik deur 'n alte snelle tempo verongeluk word.

Die beleid wat u verkondig, is iets wat ek self in die 1943 verkiesing verkondig het. Destyds was ek 'n onafhanklike republikeinse kandidaat in die kiesafdeling Griekwaland-Oos. Met 'n meerderheid van Engelssprekende kiesers en 'n oorlog aan die gang was daar geen kans om verkies te word nie. Trouens die kans was so klein dat sowat twee weke voor nominasie daar nog niemand was wat wou staan nie. Ek het self net een voorwaarde gestel: Die Ossewabrandwag en die Herenigde Party moes albei met my beleid tevrede wees en my kandidatuur ondersteun want ek was nie geneë, destyds netso min as vandag, om oor klein verskille in die openbaar te veg terwyl grotes op die spel was. Uiteindelik het albei my daar ondersteun en tot my verbasing het etlike Engelssprekendes my kom sien na vergaderings: „We don't want to change horses in mid-stream while the war is on, but there's a great deal in what you say to try vocational representation out in the Senate. It's a white elephant at present."

Plaaslik het die H.N.P. en die O.B. die beleid albei goedgekeur sovêr ek kon vasstel. Daar was in elkgeval geen besware geopper nie. Ek wil nie voorgee dat die gedagte 'n volmaakte stelsel sou oplewer nie. Maar mens moet kruip voordat jy loop en dit sou 'n uiters nuttige en tegelyk ongevaarlike proefneming wees in 'n rigting wat ongetwyfeld groot voordele beloof.

## A.P.-TAK IN SUIDWES

Die eerste tak van die Afrikanerparty in Suidwes-Afrika is so pas gestig. Die tak dra die naam van Generaal Hertzog en is te Rehoboth gestig. Die bestuur bestaan uit: J. H. Cloete (voorsitter); J. G. de Wet (ondervoorsitter); D. Augustyn ( sekretaris); en J. Nel; J. Forrer; en C. Augustyn.


**SARIE MARAIS MODEWINKEL**

**Wesleystraat 56 - STRAND**
(REGOOR BIBLIOTEEK)

★

**DAMES—**
Wanneer u STRAND-toe kom besoek ons. U sal dit die moeite werd vind.

- STRANDDRAG
- DAGTABBERDS

ELKE ROK SPESIAAL UITGESOEK


# BEHOU TWEELEDIGE EENHEID

**Mnr. J. M. van der Walt, P.K. Southfield, Kaapstad, skryf:**

Dit is nie onvanpas of oorbodig as ons ons vreugde, dank en waardering uitspreek oor ons kolossale sukses met die Stellenbosche tussenverkiesing nie.

Mnr J. W. Mushet sê dis 'n nuwe geloof. Hy is al weer verkeerd. Dit was nog altyd die nasionale geloof dat die Here regeer — ook op aarde. Hoe skromelik vergeet hy sy gebed: „Laat U wil geskied op aarde so ook in die hemel."

Ons dank aan God, dus, in die eerste plek, vir die leiers aan ons gegee. Ons dank aan ons leiers dr. D. F. Malan, min. N. C. Havenga en dr. J. F. J. van Rensburg, in die tweede plek, vir die inspirasie, aanmoediging en leiding in 'n harmonieuse samewerking. Laastens, maar nie die minste nie, ons opregte dank aan elke kieser, want hulle het dit moontlik gemaak dat ons rede tot dankbaarheid kan hê!

Afrikaans- en Engelssprekende nasionale Afrikanerdom, laat ons tweevoudige eenheid nie geskaad word deur oorhaastigheid nie. As die Afrikanerparty so sou groei dat hy kan aanspraak maak op Offisiële Opposisie dan weet ons dis nog **nasionaaldenkendes!** Twee partye, maar een eie Suid-Afrikaanse nasionale bevolking!

Vandag se Opposisie is denkeloos, verwaand gevreesd!

## Sabotasie Teen Britte se kos

Die vermoede dat 'n wydvertakte sabotasieplan stelselmatig teen Britse voedselvoorrade uitgevoer word deur kommuniste of Joodse terroriste word in 'n Britse blad uitgespreek. Daar word verklaar dat gedurende die eerste ses maande van die jaar reeds meer as £9 miljoen se waarde deur brande vernietig is — 'n vermeerdering van 40 persent vergeleke met die vorige jaar. Die skade word nie net in Brittanje aangerig nie, maar kort gelede het twee groot brande in Amsterdam se hawe ontstaan waar duisende tonne voedsel wat vir Engeland bestem was, vernietig is. Die Britse regering het besluit om ondersoek te laat instel na die buitengewone omvang van brande.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

# Kersgeskenk Vir 6 Wesies

**Mnr. J. J. Esterhuizen, P.K. Klerksdorp, skryf:**

Ek het met trane in my oë die berig in Dagbreek gelees van 'n brief van dr. Holm se dogtertjie aan dr. Malan. Ek stem 100 persent met haar saam. Ons ou spreekwoord sê: Vee eers voor jou eie deur... Wat help dit om een Duitse wesie te red en ses Afrikaners wees te maak of liewer wees te hou? Ek het na ongeveer 80 persent van dr. Holm se uitsaaipraatjies en programme geluister en meen dat hy niks slegter aan Jan Smuts of Engeland toegedig het as wat hulle ons wat nie saam wou stem, behandel het nie.

Ek respekteer dr. Malan en wil nie verwyte gooi nie. Maar net dit wat my vreeslik seer maak: In die tyd met Koalisie het 'n vriend en ek eendag op 'n vergadering van die smelters opgetree en die sogenaamde „gesuiwerdes" se plek geneem. Let wel, net ons twee. Na 'n paar vrae is ons uitgeskel as „gesuiwerdes" en ons twee moes lelike dreigemente van son en warm lood maak om die „Smelters" se veglus te laat smelt. Vandag is daardie einste L.V. 'n vooraanstaande lid van die H.N.P., wat destyds 'n smelter was, en ek... 'n O.B. My partyvriende ken my baie goed as dit stemdag is want hulle weet dat ek vir Jan Smuts **nooit** sal stem nie. Maar my partyvriende vergeet, of weet nie dat elke O.B. sy broer se herder is nie, of sy broer nou Engelsman of 'n Sap was, ons is almal Afrikaners en moet saamstem om 'n wit toekoms vir ons kinders na te laat.

Net hierdie paar vrae: Waarom kan vorige s.g. Smelters, Sappe, Engelse, Jode, en selfs Kleurlinge in die huidige regering 'n plekkie vind, terwyl ek maar net deur my partyvriende beskou word as 'n onwillekeurige deel want hulle weet daar is net een keuse vir my en dit is die Afrikaner kant.

Ek sluit met die grootste vertroue dat dr. Malan hierdie Kersfees die geskenk van sy lewe aan die Holmfamilie sal gee n.l. hulle vader en dan sal elke O.B. weer 'n endjjie nader aan ons Eerste Minister staan.

## Duisende Vlug Uit Rooi Leër

Terwyl baie Duitse offisiere in die afgelope jare van die Westelike sektors na die Russiese besettingsgebied gevlug het weens die vervolging waaraan hulle onder Westerse bewind blootgestel was, terwyl die Russe hulle dadelik posisies in die Duitse rooi leër aanbied, is daar 'n baie dik stroom van Russiese offisiere en soldate wat weswaarts vlug. Sedert die begin van die jaar het reeds 60,000 soldate en offisiere van die Rooi Leër na die Weste gedros. Die getal diplomatieke verteenwoordigers van Rusland en sy Europese kolonies wat ontvlug het sedert die einde van die oorlog, word op 432 gestel.

**Proefnemings** om insekte met behulp van 'n helikopter te bestry, is by Pretoria uitgevoer toe die enigste helikopter van die Unie spuitstof met behulp van pompe vanuit die lug gelos het. Soortgelyke bestrydingsmetodes sal waarskynlik eersdaags in Zoeloeland aangewend word om tsetsevlieë en nagana te bestry.

# DAARDIE UN-DINGE — WEES VERSIGTIG!

**„Observator," Kaapstad, skryf:**

In hierdie tye wanneer daar by die UNO sulke venynige aanvalle op ons land gedoen word het menige een van ons begin wonder wat daardie gedoentes eintlik is wat slegs met voorletters voorgestel word: UNO, UNRRA, UNESCO, UNAC.

Eers is dit dan die UNO of soos dit hier by ons bekend is, die VVO (gelukkig het ons VV's darem niks met die ontstaan daarvan te doen gehad nie) van hierdie „United Nations" is die grootbaas of soos die Amerikaners sal sê „Big Noise," Sowjet-Rusland, die oorwinnaar uit die wêreldoorlog wat tot dusver die volgende Europese lande verower het: Estland, Letland, Litoue, Pole, Roemenië, Bulgarye, Joego-Slawië, Albanië, Hongarye, Sjeggo-Slowakye.

Dit kos 'n hele paar miljoen pond per jaar om hierdie UNO aan die gang te hou waarvan ons self 'n aansienlike som bydra. En wat kry ons daarvoor? glad niks nie behalwe wanvoorstellings, beledigings en 'n mate van inmenging in ons eie huishoudelike sake wat deur geen ander staat geduld sal word nie. Vir ons is die VVO dus 'n taamlike duur spulletjie, en hy beteken vir ons 'n groot ronde nul.

Dit smaak my hierdie UNO is 'n soort van voorganger van die „wêreldregering" of superinternasionale staat, waarvoor daar nogal so ongemerk baie propaganda deesdae gemaak word. Nie meer die soewerienonafhanklik nasionale staat wat die ideaal van elke Afrikaner is nie, maar 'n stelsel waaronder u en ek nie meer Afrikaner, Brit, Duitser, of Fransman sal wees nie maar 'n „wêreldburger" — nog vis nog vlees. Die regeerders van hierdie wêreldregering sal natuurlik wees daardie mense wat, soos 'n bekende Afrikaner-leier dit uitgeruk het, in hulle eie staat jingo-nasionaliste en elders super-internasionaliste is.

**ONTHULLING**

Die tweede UN-ding is UNRRA. Etlike honderd-duisende ponde is deur die belastingbetalers van die V.S.A., Brittanje en ander lande aan UNRRA bygedra. Hiervan het 'n groot deel na Sowjet-Rusland en die lande wat die bolsjewiste verower het, gegaan. Verder was UNRRA se vernaamste oogmerke om kos te gee aan nie-Duitse vlugtelinge in Duitsland.

Op 'n goeie dag in Januarie 1946 het 'n vooraanstaande Britse offisier, luit.-genl. sir Frederick Morgan wat in Europa verbonde was aan UNRRA, met 'n verklaring voor die dag gekom dat daar 'n geheime organisasie bestaan om die massa uittog van Jode uit Europa aan te help. Dit moes die generaal nou eenmaal nie gesê het nie. Hoewel sy menings later deur 'n Britse regeringskomitee feitlik bekragtig is, was die Britse regering te papbroekig om vir die generaal in die bresse te tree en is hy uit sy pos ontslaan en

(vervolg op bladsy 6, kolom 5)





**„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"**

Rembrandt-sigarette lyk *goed*, voel *goed*, smaak *goed* en rook *goed*.

Vir jare reeds is die uitsoek-tabak wat nou in Rembrandt-sigarette gebruik word sorgvuldig weggelê om te verouder want net soos wyn het tabak ouderdom nodig om tot volle rypheid te kom.

*Daarom* het so baie rokers oorgeslaan na

**Rembrandt**

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg. RA.9



**BRILLE**

**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**

GEHOORAPPARAAT

**Die Voortrekker-Apteek**

**Kerklaan, KAAPSTAD.**
**Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.**

**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## HUWELIK

**BURNETT—LOMBARD.**—Graag stel ons tweetjies alle Kamerade, vriende en familiebetrekkinge in kennis dat ons D.V. die 11e Desember a.s. in die Moederkerk, Graaff-Reinet, in die huwelik bevestig word. Geen resepsie. Telegramme: Pinelaan 8, Port Elizabeth. Persoonlike gelukwensinge 7 nm. 1/12/1

**KEMPFF—DU PLESSIS.** — Graag wens ons, Dion en Esther, aan familie en vriende bekend te maak dat ons op 25 November te Haarlem, Nederland, in die huwelik bevestig is. 1/12/1

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Goewermentsgesertifiseerde Groentesaad:** Chantenay Wortels, 10/- Detroit Beet, 5/6. **Skorsies:** Klein Gem, 8/-; Lang Wit Bos, 8/6; Hubbard Groen, 8/6; Pasteipapoentjie, 8/-; Tom Watson en Wonder Waatlemoen, 12/-; Blaarslaai, 17/6; Marblobe Tamatiesaad, 35/-; Suiderkruis en Reliance Blomkool, 16/-; Spitzkopkool, 8/- per pond. Posvry. K.M.B. — **PREMIERS, P.K. Schoemanshoek.**

## GEMENG

**VAN'S CONCRETE PRODUCTS**

**ALLERLEI** — Waterspoel-rioolstelsels, vloerteëls en gepolitoerde terrazzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:— **VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK.,** Potgieterstraat 258, Pretoria. 3/12/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

## MEDISYNE

**ANTIGRYS** herstel gryshare tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug — 5/6 per bottel posvry. Kontant met bestelling. — **Die Boerevrou,** Posbus 7559, Johannesburg. 20/10/Nr. (1)

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

Vir die beste en duidelikste luidsprekerdienste op enige plek, asook vir versterkers, luidsprekers, mikrofone en parte — groot en kleinhandel — skryf aan: **P. D. SMUTS RADIO (EIENS.) BPK.,** Hoofstraat 287, Paarl. Foon 755. 15/9/48

## SKOENE

Vir die allerbeste mans- en kinderskoene en beter reparasies raadpleeg **Voortrekker-skoenhospitaal, Langstraat 293, Kaapstad.** Telefoon 3-0164. 13/10/12

## TE KOOP

**„ATLAS" - vragmotorbakke,** sleepwaens, druiwebakke, ens., gebou na u bestelling; asook die verpakking van meubels, oprigting van kantoorrakke en -afskortings; die bou van houthuise („bungalows"). In kort, enige soort houtwerk word onderneem en uitgevoer deur 'n deskundige vakman. — Raadpleeg **NICK NEETHLING, Lady Greystraat, Paarl. Foon 1253.**

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**HONDJIES.** — Alsation-hondjies te koop. Vader Conty de Repose (Reg. nr. 76394). Moeder Sally of Harryanne (Reg. nr. 71508). Reuntjies £5-5-0, tefies £3-3-0; agt weke oud. Baie getrou en waaksaam. Aansoek: Zeeman, Robertson. 1/12/2

**PERDE:** Percheron-hings uit Cedara Lakanal, 3-4 jaar, swart met kol, 16 hande, eerste prys Rosebank en Robertson. Percheron-merrie, 2 jaar, Vader ingevoer, swart, 16 hande, tweede prys Rosebank, eerste prys Robertson. Amerikaanse merrie, swart, agt jaar, 16 hande, eerste prys Robertson. Hingsvul, jaar-oud, eerste prys Robertson, uit vol vyfgang-ouers. Aansoek: **Zeeman,** Robertson. 1/12/2

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**SOUT:** Brandwagte daar my man blind is en om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Ek laai bestellings dadelik as weersomstandighede dit toelaat. Kom aan Brandwagte sit skouer aan die wiel en help u mede-Afrikaner. A I 80/- sneeuwit, no. I 70/- wit, no. 2 60/- per ton. Sneeuwit botter sout 6/- per 100 pond. Vry gelaai. Soutwerke adres: Komdte. Mevr. Martie Venter, Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 17/11/x8.T.K.

**STEENMAAKMASJIENE.** — „Kleine Wonder" vir die maak van standaard grootte sementstene van 9 dm. x 4 5/16 dm. x 3 dm. teen £30, of £20 sonder voetstuk. Luukse modelle teen £5 ekstra. V.o.s. Hopefieldstasie. Handelsnavrae word verwelkom. Om besonderhede en illustrasies skryf aan: **Kleine Wonder Steenmasjiene (S.A.) Agentskappe,** Posbus 18, Hopefield, K.P. 18/8/T.K.

**10 MORG-PLOTTE** teen £10 deposito en £5 per maand. Na aan stad. Uitstekende grond en water volop. Navrae: **M. L. Slabbert,** Oud-gevangene, Foon 2-8849 en 3-3395, **Pretoria.** 24/11/3

**VERVOERDIENS**
*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*
**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

**RADIOTRONICS**
**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

**WAPENS EN AMMUNISIE**
**van alle soorte**
Groot voorraad .22-Gewere
★
**Manie de Villiers,**
**Plaza-Toiletsalon,**
**Voortrekkerweg 102A - PAROW**
**Telefoon 98-9161**
28/8/TK

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MÔREMARK (Posbus 7185) Newtown**

**G.A. FICHARDT**
**Bpk.**
**HANDELAARS**
BLOEMFONTEIN

## VERNIETIGING VAN DOKKE VOLTOOI

**Ten spyte van die protes van die Duitsers het die Britte verlede week die droogdok by Wilhelmshaven met springstowwe in die lug laat spring. Blokke beton het deur die lug gevlie. Sowat 40 ton springstowwe is vir die vernietigingswerk gebruik. Om dit te kon doen moes duisende mense die stad ontruim.**

## BOEREJEUG:

# VOORTREKKERS HOU AFSLUITINGSFUNKSIE OP POTCHEFSTROOM

## Pragtige Samewerking Met Boerejeug

Op Woensdag, 17 November, het die Voortrekker-veldkornetskap van die Hoër Volkskool, Potchefstroom hulle jaarlikse afsluitingsfunksie gehou. In bevel van die verrigtings het gestaan die Hoofkommandant van die Potchefstroomse Voortrekkers, Oom Louw du Plessis. Die verrigtings het begin met die inlywing van verskilende groepe Voortrekkers. Daarna is op gepaste wyse afskeid geneem van Voortrekkers wat vanjaar die skool gaan verlaat. Die Hoofkommandant het die woord gevoer. Nadat bekers aan twee van die spanne oorhandig is vanweë hul besondere prestasies vanjaar, is van die ander Voortrekkeroffisiere ook aan die woord gestel.

Een van die hoogtepunte in die middag se verrigtings, was die oorhandiging van 'n adres deur die Voortrekkers aan Oom Chris Neethling, die Voortrekker-veldkornet van die Hoër Volkskool. In die adres bedank die Voortrekkers Oom Chris vir wat hy vanjaar bereik het in die Voortrekker-lewe. Veral word genoem die pragtige samewerking wat daar bestaan het tussen Voortrekkers en Boerejeug, wat grotendeels aan Oom Chris te danke is. Doe Boerejeugkommandant van Potchefstroom, Kommandant G. M. van Rooy, het die adres op versoek van die Voortrekkers, aan Oom Chris oorhandig en het daarna die woord gevoer.

Hierna het Oom Chris op gepaste wyse geantwoord: „Dit was vir my 'n behoefte van die hart dat in Volkskool hierdie twee organisasies sal bestaan. Hulle het pragtig saamgewerk en ons gaan daarmee deurdruk, buig of bars!" het Oom Chris onder luide toejuiging gesê.

Die verrigtings is afgesluit met die sing van die Volkslied terwyl die Voortrekker-hoofkommandant die Voortrekkersaluut en die Boerejeugkommandant die O.B.-saluut geneem het.

## BEHEER VERANDER

Vanaf vandag is die beheer oor huurhuise ingrypend gewysig en word die hele administrasie daarvan onder die Departement van Volkswelsyn geplaas en toevertrou aan permanente staatsamptenare.

Dr. G. A. C. Kuschke, Sekretaris van Volkswelsyn, volg mnr. Ivan Walker op as huurkontroleur. Die adviserende huurkomitees in die stede word ook afgeskaf.

## Antwoorde op „Wie Kan Sê?"

1. President Steyn.
2. Steyn, die Staatsman, en De Wet, die Krygsman.
3. Utrecht, Holland.
4. Moderator van die Vrystaatse Kerk, redakteur van die Kerkbode, Bybelvertaler, Kanselier van die Universiteit van Stellenbosch.
5. Deur Suid-Afrikaanse universiteite is aan hom drie eredoktorsgrade toegeken.
6. Die Reddingsdaadbond wat deur hom gestig is.
7. Aan die voet van die Vroue-monument te Bloemfontein.
8. Generaal de Wet.
9. Om fondse in te samel vir die herstelwerk in die Vrystaat en Transvaal waar alles weer van nuuts af opgebou moes word.
10. Minister van Landbou.
11. Sy was die eerste wat Engelse prosa van eersterangse gehalte in Suid-Afrika gelewer het en het daardeur ook 'n standaard vir Suid-Afrikaanse Engelse prosa gestel. Later het sy ook altyd d.m.v. pamflette haar standpunt t.o.v. die politiek gestel, waarin sy die Britse beleid dikwels kras aangeval het.
12. „The Story of an African Farm."
13. Haar broer, W. P. Schreiner.
14. In 1854, toe hy juis sy doktorsgraad in die regte met lof verwerf het aan die Amsterdamse Universiteit, was Kruger in Holand na die sluiting van die Londense Konferensie.
15. Nie 'n enkele staat het in belang van die Boere opgetree met die uitbreek van die Tweede Vryheidsoorlog nie.

# MASSA-WEDDERY WORD GELOODS PER POS

**Omsendbriewe waarin persone aangemoedig word om deel te neem aan perdeweddenskappe en waarin aangebied word dat agente die hele saak vir hulle afhandel, word tans deur middel van die poskantoor versprei. Duisende posbuseienaars het sulke omsendbriewe die afgelope paar weke in hul posbusse gevind.**

Dat die pos al meer en meer gebruik word om weddenskappe aan te moedig, blyk ook uit die feit dat 'n Rhodesiese maatskappy wat hom toelê op die voorspelling van die uitslae van voetbalwedstryde, tans deur middel van die pos in die Unie opereer.

Blyke van ontevredenheid oor die aanmoediging om deel te neem aan perdewedrenne, het ook in die pers verskyn. In hierdie verband skryf eerw. L. S. Creed in die Cape Times: „Honderde mense sal aangemoedig word om op hierdie maklike manier te wed deur nie die wedren by te woon nie. Ek is baie teleurgestel dat die regering nie 'n einde aan die voetbalpools gemaak het nie."

„En nou word daar van deur tot deur steun vir die wedrenne deur middel van die regering se posdiens gewerf. Kan hierdie bedreiging nie uitgeroei word voordat dit posvat nie?" wil hy weet.

## Provinsies Sal Gesondheid Moet Afgee

Die Minister van Gesondheid, dr. A. J. Stals, werk nou aan 'n plan om die gesondheidsdienste wat tans onder die provinsies val, aan die sentrale regering oor te dra, indien geen ander uitweg gevind kan word vir aanvullende mediese dienste nie.

Hoewel die Minister nog geen voorstel in die verband aan die kabinet gedoen het nie, word besonderhede uitgewerk. Vir die gesondheidsdienste van die Unie wat die voorkoms van 'n lappieskombers het vanweë die verdeelde beheer, sal dit 'n stoot vorentoe wees. Hiervoor het die Ossewabrandwag herhaaldelik gepleit.

## Mynwerkers Se Volslae Oorwinning

**Met die verkiesing van die bestuur van die Mynwerkersvakbond het die Verenigde Mynwerkerskomitee volle beheer verkry deurdat nie een van die ondersteuners van die ou bewind tot ampsdraers gekies is nie, en ses van die nege ampsdraers van die ou bewind wat stemreg in die Algemene Raad gehad het, is uitgestem. Die nuwe voorsitter is mnr. P. J. Visser en mnr. D. E. Ellis is as hoofsekretaris aangestel.**

'n Poging wat aangewend is om die verkiesing van skagverteenwoordigers ongeldig te laat verklaar, het misluk.

(vervolg van bladsy 5, kolom 5)

sekere mnr. Myer Cohen in sy plek aangestel. Sedert daardie tyd hoor mens maar min van UNRRA se doen en late.

**KULTUUR**

Dan is daar die UNESCO wat glo te doen het met die kultuursake van die „verenigde nasies". Hoe die Afrikaner se kultuur gaan baat duur hierdie superinternasionale liggaam, is vir my 'n raaisel.

Deesdae het daar nog een, genoem UNAC te voorskyn gekom. Hierdie liggaam bestaan glo in belang van die kinders van die verenigde nasies, en vooraanstaande Afrikaners en Afrikanerliggame het reeds beroepe op die publiek gedoen om ondersteuning vir UNAC. Daar is dan ook mildelik aan die fondse van UNAC bygedra. In alle erns wil mens die vertroue uitspraak dat ons nie ook hier ontnugter gaan word nie. Wat my persoonlik betref meen ek dat die kinders wat vandag die meeste nood en gebrek in Europa ly, die miljoene kinders van Duitsland is. Hulle het geen skuld aan die oorlog nie maar is nou in die ellende gedompel as gevolg van die verenigde nasies se eis om onvoorwaardelike oorgawe. Daar die kinders van ons eie volksgenote nie noodhulp nodig het nie, stuur ek en my gesin dan liewers kospakkies aan 'n paar onbekende Duitse kindertjies om hulle aan die lewe te hou.

Die gebeure by die VVO het al voldoedne bewys hoe vyandig die UNO teenoor ons staan. Is UNRRA, UNESCO en UNAC dan ons verdere ondersteuning waardig?

Soos dit my wil voorkom, moet elke Afrikaner maar uiters versigtig met hierdie super-internasionale liggame loop en behoort ons nie hierdie UN-dinge sonder meer te vertrou nie.

DIE Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 1 DESEMBER 1948

# Marthinus Theunis Steyn:

## Ware Christen, Ware Volksman, Ware Staatsman

**Die naam van Marthinus Theunis Steyn sal genoem word so lank die Afrikaanse taal gepraat word. Hy is vir ons volk net so onvergeetlik as 'n Paul Kruger en veral toe laasgenoemde na Holland moes gaan, het die hele vryheidsstryd gewentel om die driemanskap: Steyn, De Wet en Kestell. Toe was President Steyn 'n besieling vir die burgers en het dit gebly totdat hy nie meer kon nie.**

**VREDES-ONDERHANDELINGE**

Voor die vredesonderhandelinge begin het, het hy verklaar dat daar maar een voorwaarde was waarop hy aan vredemaak kon dink, en dit was op die basis van die behoud van die onafhanklikheid. Maar deur ernstige siekte is hy verhinder om die onderhandelinge self by te woon. Generaal de Wet was dit volkome met hom eens, maar die Transvaalse offisiere, onder leiding van Generaal Botha, was van mening dat die saak hopeloos was en dat hul liewer die terme moes aanvaar as om later onvoorwaardelik te moes oorgee.

Vir Steyn moes die uitslag 'n bitter kelk gewees het, **„maar, ek is soos een wat 'n dodelike wond gekry het,"** het hy gesê, **„ek kan in die stryd nie meer meedoen nie, en daarom het ek miskien nie die reg om te spreek nie."**

**JEUGJARE**

President Steyn is gebore op 2 Oktober op Rietfontein in die Vrystaat, en het die geleentheid gehad om 'n goeie skoolopleiding aan die Greykollege te ontvang en daarna in Europa te gaan studeer as regsgeleerde. As advokaat en later as regter het hy dan ook 'n vreedsame lewe gelei, totdat hy in 1896 tot Staatspresident van die Vrystaat gekies is.

**PRESIDENT**

Hy het besef dat die doel van Brittanje was om die Republieke te vernietig teneinde die hele Suid-Afrika in een groot Britse kolonie te omskep, en het hom daarom vanaf die staanspoor beywer vir **nouere vereniging tussen die Boere-republieke** — as die een deur Brittanje bedreig word, moes ook die ander sy onafhanklikheid as aangetas beskou en sy volle gewig in die stryd werp.

Hieraan het hy dan ook getrou gebly en alle denkbare middele aangewend om die geskil tussen Engeland en Transvaal op 'n vreedsame wyse te besleg. Toe al hierdie pogings misluk, het hy egter saam met President Kruger die stryd teen Albion aangeknoop met slegs **EEN einddoel voor oë: algehele onafhanklikheid vir die Republieke!**

Hy het sy uiterste en meer as dit gedoen om hierdie doel te verwesenlik, maar toe sy kragte totaal ingegee het, was hy verplig om af te tree. Generaal de Wet is toe as Waarnemende President aangestel. Na die oorlog het hy mediese behandeling in Europa ondergaan en het weer so goed herstel dat hy weer kon optree as raadgewer van sy volk in die donker dae wat op die oorlog gevolg het, tot op 28 November 1916, toe ook hierdie reus geval het.

**GENERAAL DE WET SE OPINIE**

Dis altyd interessant om te sien wat een held van 'n ander dink. Die volgende is woorde van Generaal Christiaan de Wet, en aangesien President Steyn gedurende die laaste gedeelte van die oorlog gedurig saam met Gnl. de Wet rondgetrek het, dra hierdie woorde baie gewig:

**„Dit het by ons vasgestaan dat President Steyn 'n staatsman was, en daarom was hy deur elkeen hoog geag, terwyl hy tewens deur algar innig bemin was. As dit ooit van iemand kan gesê word dat hy sy plig teenoor sy land en volk gedoen het, dan kan dit van Marthinus Theunis Steyn gesê word. Niks was ooit vir hom te veel nie. Hy het sy volk getrou gedien. Hy het elke las gedra. Hy het reën, koue en hitte nag en dag verduur. In alle druk was hy stil en tevrede. Hy het vir sy nasie gely, totdat hy nie meer kon nie — totdat die krankheid vir hom neergevel het en hy swak soos 'n kind neergesak het — heeltemal uitgeput en swak soos 'n kind — ja, maar dit alleen wat sy liggaam betref: sy groote gees was nog so helder, so sterk, so vol moed as ooit tevore."**

(Uit „Christiaan de Wet" deur J. D. Kestell, p. 138).



**President Marthinus Theunis Steyn**

## UNIE KRY NOG 'n VOORLIGTER IN BUITELAND

Eerwaarde Michael Scott, wat aan die begin van die maand geweier het om sy paspoort af te staan toe 'n amptenaar op las van die regering versoek het dat hy dit moet oorhandig, het nou met 'n omweg in Parys aangeland. Hy het per motor uit die Unie tot in die Belgiese Kongo gereis en het vandaar per vliegtuig vertrek.

Hy is van plan om 'n versoekskrif wat deur ses Herero-kapteins onderteken is, aan die V.V.O. voor te lê. Hierin word onder meer gevra dat die V.V.O. geregtigheid aan hulle moet laat geskied.

Benewens Scott is die Indiër dr. Dadoo ook in die vreemde besig om die wêreld „voor te lig" oor Suid-Afrika.

Die Minister van Binnelandse Sake, dr. T. E. Dönges, het gesê dat indien en wanneer omstandighede dit vereis, hy 'n amptelike verklaring oor eerw. Scott sal doen.

# Kestell Hou Laertrek

Die Boerejeug van Kestell het dit nou al 'n jaarlikse instelling gemaak om in die Oktobervakansie laer te trek op die plaas van Boerejeugveldkornet Eksteen — mens sal dan ook moet ver soek om nog so 'n ideale laerterrein te kry as wat hulle daar het! Vanjaar kon daar nie 'n lid van Boerejeughoofkwartier die laer bywoon nie, maar met so 'n klomp flukse en bekwame offisiere is dit trouens ook nie meer nodig nie!

Daar was blykbaar geen ouderdomsgrens vasgestel nie, want Boerebaba Miemie Beneke het heerlik saamgekamp en oral saamgegaan — ook na die Labatagrotte! Hier het een van die mans amper vasgesit op 'n nou plekkie waar mens op jou maag moet deurseil, maar het darem weer daarin geslaag om homself los te woel! Dis darem vreeslik donker daarbinne, met die gevolg dat feitlik elke kind 'n flits moes hê om sy pad te vind.

**GRAPPE**

Aan grappe het dit ook nie ontbreek nie, maar soms moes Mike of Oom Kleinboet die spit daarvan afbyt! Die jongspan het naamlik Veldkornet Eksteen se beul só toegestop dat dit uitmekaar gehaal moes word om die draad weer uit te kry. Oom Kleinboet se ramshoring was weer vol papiere gestop sodat dit met 'n draad verwyder moes word — sou dit wees omdat die opstaan-beul na hulle sin te gou blaas soggens?

Hoewel ons nie alle besonderhede verneem het nie, weet ons dat daar ook deeglike opleiding op die laer gegee is en dat elkeen wat dit kon bywoon, baie daarby geleer het. Die dogters wat op kookdiens was het glo besonder moeite gedoen (met die hulp van Tant Hannetjie de Jager natuurlik!) om die mense lekker te laat eet, en met mekaar gewedywer wie die beste kan kook!

**ALMAL WELKOM**

Baie meer kinders as verlede jaar het die laertrek bygewoon, o.a. ook 'n paar Boerejeugdogters van Kroonstad, sowel as kinders wie se ouers aan heeltemal ander politieke groepe behoort. In die Boerejeug voel almal hul tuis omdat daar nie gediskrimineer word teen mede-Afrikaners nie, maar waar die jeug geleer word om saam te werk en saam te stry in die belang van ons geliefde **Land, Volk en Taal.**



**Een van Rustenburg se jongste Boeredogters, Rentia Riekert, is sommer baie dors. Kan ons ook 'n slukkie kry?**

# Wie Kan Sê?

1. Wie het van Ds. J. D. Kestell gesê: „Vir my was hy meer werd as 'n kommando"?

2. Die beroemde driemanskap van die Tweede Vryheidsoorlog het bestaan uit Kestell, die Godsman, en . . . die . . ., en . . . die . . .

3. Waar het Ds. Kestell hom tot predikant bekwaam?

4. Watter belangrike betrekkings of werkkringe het hy o.a. na die oorlog beklee?

5. Watter belangrike huldebewyse is aan hom betoon?

6. I.v.m. watter organisasie dink ons altyd nog aan „Vader Kestell"?

7. Waar is hy begrawe?

8. Watter Boerekrygsman het die meeste beroemdheid by die algemene wêreldpubliek verower en was die skrik van die hele Britse krygsmag gedurende die Tweede Vryheidsoorlog?

9. Waarom het hy en Generaals Botha en De la Rey ná die vrede van Vereniging na Europa gegaan?

10. Watter amp het hy beklee in die eerste Vrystaatse parlement ná die verlies van onafhanklikheid?

11. Waarom onthou ons die naam van Olive Schreiner?

12. Wat is die naam van haar bekendste werk?

13. Watter familielid van haar het 'n belangrike rol in die Suid-Afrikaanse politieke geskiedenis gespeel?

14. Hoe het President Kruger in aanraking gekom met Dr. W. J. Leyds om hom die pos van staatsprokureur aan te bied?

15. As staatsekretaris was hy President Kruger se regterhand, maar waarom kan gesê word dat hy onsuksesvol was in sy amp as gesant van die Transvaalse regering in Europa?

(Antwoorde op bladsy 6)

# DINGAANSFEES BELFAST

**15 DESEMBER**

(a) Laertrek onder toesig van Laerkommandant A. de Wit.
(b) 6-uur n.m. Aanddiens deur ds. C. H. Muller.
(c) 7-uur nm. Volksang.
(d) 7.30 nm. Toespraak deur prof. dr. M. S. B. Kritzinger.
(e) Na die toespraak Volkspele.

**16 DESEMBER**

(a) 7-uur vm. Biduur.
(b) 10-uur vm. (i) Opening en lees van Gelofte deur die Voorsitter, mnr. O. J. Coetzee.
(ii) Geloftediens — ds. C. H. Muller.
(c) 11.30 vm. Resitasies deur kinders. Prysuitdeling.
(d) 2-uur nm. Toespraak — prof. dr. M. S. B. Kritzinger. Kiesing van kommissie
(e) 4-uur nm. Slotdiens. Ds. C. H. Muller.

S. C. DU PLESSIS,
Sekretaris.
Posbus 87,
Belfast.

# Sam Kahn Sal Program Nie In Rusland Kan Bepleit

**In sy verkiesingsprogram het die Kommunis Sam Kahn 'n aantal punte aan die naturelle voorgehou wat hom, indien hy dieselfde program onder Russiese burgers sou los, die kop sou gekos het. In sy eerste punt noem hy onder andere die reg „om hulle verkiesbaar te stel". So 'n reg bestaan daar in Rusland nie. Die bestuur van die land met sy 200 miljoen inwoners, is geheel en al in die hande van 'n kliek-party wat nouliks 3 miljoen lede tel, en wat van tyd tot tyd onderwerp word aan groot suiwerings waardeur duisende lede uitgeskop en daarmee feitlik sonder burgerregte gestel word.**

**Soiets soos kandidaatskap deur enige lid van die volk is net so ondenkbaar vir die Russiese burger as wat dit onder Tsjaka of Dingaan was. Nogtans word hierdie reg aan die naturelle voorgehou deur 'n Kommunis wat weet dat as hy sy rooi revolusie in Suid-Afrika kan deurvoer, niks van hierdie reg vir die naturelle sal oorbly nie.**

In sy tweede punt noem hy „die afskaffing van die paswette, van die vernederende permitstelsel, van alle hoofbelasting en van die noodsaaklikheid om dokumente of dienskontrakte te dra." Daarmee hang saam punt vier: „Die reg van die naturel om vryelik in die stad of die platteland werk te soek, die reg op indiensneming in enige bedryf, beroep of as geskoolde vakman en die reg om vakbonde te stig." **Bepleiting van hierdie vryhede in Rusland sou mnr. Kahn sy eie vryheid gekos het. Daar bestaan eenvoudig nie sulke vryhede vir die werkers in Rusland nie.** Hoor maar wat die bevinding van 'n Amerikaanse afvaardiging na Rusland was, soos gepubliseer in die Defender Magazine, uit die mond van Karl Mundt, leier van die afvaardiging — en onmiddellik ná die oorlog wat Rusland om „behoud van die demokrasie" geveg het:

### GEEN BESKERMING

„Daar is geen vakbonde in Rusland soos ons dit in hierdie land erken nie. Ons het tot ons verbasing gevind dat arbeid in Rusland onder 'n stelsel van stukwerk en 'n program van aandrywing plaasvind wat so kwaai en drasties is dat geen arbeidsleier in Amerika sal waag om dit as 'n model vir hierdie land aan sy vakbond voor te lê nie."

In hierdie verband kan natuurlik net verwys word na die Stakanov-metode waarvolgens werkers betaal word op 'n basis wat uitgaan van die hoogste prestasie wat deur spesiaal afgerigte en toegeruste werkers gestel word. Dit word dan as die normale werkvermoë beskou wat aanspraak kan maak op normale vergoeding. **Die gevolg van hierdie stelsel is dat die lone so laag is dat 'n Russiese werker tienmaal solank moet werk as sy kameraad in Amerika voordat hy 'n pond brood verdien het!**

### VASGEBIND

Maar om terug te kom tot die heer Kahn se verkiesingsbeloftes: Hy praat van die reg om vryelik werk te soek in stede en op die platteland. **So 'n reg sal hy nie in Rusland kan bepleit nie.** In April verlede jaar — ná die demokratiese oorlogsoorwinning — het die Amerikaanse vakbondblad Monthly Survey as volg verklaar:

„Elke Russiese werker is onder die dwangstelsel gebonde. Hy moet die lone en toestande aanvaar wat deur burokrate vasgestel word op gevaar van in hegtenis geneem te word. **Hy is aan sy werk vasgebind en mag dit nie verlaat of staak nie."**

Dat dit so is, word bevestig deur die voormalige Sowjetamptenaar Kravchenko wat skryf dat hierdie stelsel in Januarie 1939 ingevoer is — dit wil sê nog vóór die oorlog. **Aan elke werker is toe 'n geel kaart gegee met alle besonderhede omtrent sy werk daarop aangeteken. „Deur hierdie kaart is hy aan sy masjien vasgebind," verklaar Kravschenko, en hy mag dit nie verlaat sonder toestemming van die Kommunistiese Party nie.**

**Volgens Review of World Affairs word teruggekeerde soldate selfs in baie gevalle verbied om hulle te gaan vestig in die omgewing van hul oorspronklike tuistes. Volgens die blad is die enigste groep in Rusland wat 'n „taamlike mate van persoonlike gerief en bewegingsvryheid besit" die „vooraanstaande" lede van kuns- en wetenskaplike kringe „eenvoudig omdat hulle soos bye nie kan produseer daarsonder nie."**

### LAE LONE

Punt 5 van die heer Kahn se „kommunistiese" verkiesingsprogram lui: „Beëindiging van die stelsel van lae lone vir naturelle-arbeiders, plaasarbeiders en mynwerkers en die voorsiening van 'n minimum-loon van tien sjielings per dag plus duurtetoeslag."

In Rusland sal Kommunis Kahn nie propaganda kan maak vir hierdie „kommunistiese" punt van hom nie omdat dit 'n aanval op die staatsbeleid sal wees. Soos reeds aangetoon heers in hierdie „Werkersparadys" 'n stelsel van stukwerk gebaseer op die hoogste arbeidsprestasie. **Die man wat minder werk verrig as sy buurman kry minder loon en dus minder brood en klere, totdat hy nie meer in staat is om behoorlike werk te verrig nie. Hy word dan as 'n „saboteur" van die fabriek op 'n trok gelaai na 'n slawekamp waar hy meer werk moet verrig vir minder brood.**

### GRONDBESIT

Punt ses maak voorsiening vir die reg van naturelle om vryelik te reis „en om op enige plek in Suid-Afrika te woon en grond te besit", terwyl punt sewe die onmiddellike toekenning van meer plaasgronde aan naturelle bepleit.

**Nie een van hierdie twee „regte" bestaan in Rusland nie, en Sam Kahn self sal minder bewegingsvryheid in Rusland besit as die naturel in Suid-Afrika — selfs al sou hy tog geeneen van die punte in sy verkiesingsprogram daar pleit nie.** Niemand word eenvoudig in Rusland toegelaat om sonder toestemming van die party rond te reis nie. Jy is tot jou dorp of stad beperk en kan na 'n naburige dorp alleen gaan met spesiale vergunning. Die reg om grond te besit bestaan eenvoudig nie. Die staat, dit wil sê die Kommunistiese Partybestuur, is die enigste grondeienaar en hy laat werk waar hy wil. Die man wat nie by hierdie reëling inpas nie, word op 'n trok gelaai na Siberië waar hy wel „meer plaasgronde" tot sy beskikking kry om te bewerk vir die staat.

**Met beloftes wat hy nie in Rusland durf voorhou nie, is Kommunis Sam Kahn besig om die naturelle wat in blanke nywerhede werk, te gebruik om die Russiese stelsel hier af te dwing.** Maar dit sou goed wees vir die naturelle om in gedagte te hou dat 'n deeglike ontleding van die werker se posisie in Rusland daarop dui dat die naturel in die stede nog 'n hele paar pond per jaar meer verdien as die gemiddelde geskoolde arbeider in die Sowjet kort voor die oorlog — volgens gegewens onder meer verstrek deur prof. W. H. Hutt — **terwyl die ongeskoolde werkers ongeveer viermaal minder aan loon verdien as die naturelle in ons nywerhede. Teenoor die 10s. minimum-loon per dag wat Kommunis Kahn vir naturellewerkers bepleit, ontvang die gemiddelde geskoolde Russiese werker 2s. en ongeskoolde werkers 8 pennies per dag. Dit was altans die posisie kort voor die oorlog — dit wil sê na meer as twintig jaar Kommunisme!**

# NATURELLE VERWERP ENGELSE VROU

**Die rassetrots en stamtradisie van die naturelle in Betsjoeanaland is die oorsaak dat hulle tans weier om die wettige troonopvolger, Seretse Khama, as hul koning te erken as hy nie afstand doen van sy wit vrou waarmee hy onlangs in Brittanje getroud is nie.**

Sonder die witvrou is hy heeltemal welkom, maar die wit vrou sal „die stam uitmekaar laat spring" het een van die leiers verklaar.

In 'n poging om hierdie geskil te besleg het die huidige regent, Tshekedi Khama, wat in die plek van Seretse waarneem, verlede week na Kaapstad gekom om regsadvies in te win. Hy het die samesprekings Maandag en gister voortgesit en sal waarskynlik teen die end van die week na sy land terugkeer.

Tshekedi het tot dusver geweier om enige verklaring oor die situasie te doen. Daar word egter verneem dat druk op Seretse uitgeoefen word om sy vrou te laat staan. Die oplossing van die probleem sal afhang of Seretse se stamtrots of sy vrou die swaarste by hom sal weeg. Tot sover het hy te kenne gegee dat hy nie van haar afstand sal doen nie.

'n Verklaring oor die uitkoms van die onderhandelings sal waarskynlik teen die end van die week uitgereik word.

# Groter Eenheid Deur Groep-Skakeling

**'n Voorstel dat die nasionaalgesindes in die opposisie-geledere uitgenooi word om hulle selfstandig te organiseer en selfstandige samewerking te reël met die koalisie-regering, word gedoen deur prof. L. J. du Plessis, in 'n brief wat in die Transvaler verskyn het.**

Prof. Du Plessis het dit oor die maniere wat daar gevolg moet word om die samewerking te verkry „van die in ruime sin nasionaalgesinde elemente in die huidige opposisie-geledere".

„Hiertoe is daar verskillende weë beskikbaar. Die mees voor die hand liggende word reeds grotendeels bewandel, nl. om so veel moontlik beleidspunte na vore te bring wat daardie elemente kan aantrek en hulle dan uit te nooi tot individuele steun aan die regeringskombinasie. Dit is die weg wat waarskynlik meer sukses sal oplewer as daar nie dadelik oorgegaan word tot samesmelting van die twee nasionale partye nie, **iets wat buitendien eers met vrug kan gebeur as die onderlinge samewerking en vertroue ten volle verseker is.**

### AS GROEP

„Die meer doeltreffende weg sou egter wees om die nasionaal-gesindes aan die oorkant uit te nooi om hulself selfstandig te organiseer en selfstandige samewerking te reël met die regeringskoalisie. So iets mag heel goed gebeur as die provinsiale verkiesing van die regeringskombinasie gunstig sou verloop; en dit hoef geen verloëning van beginsels aan enige kant mee te bring nie, **aangesien die groot meerderheid van alle Suid-Afrikaners dit oor die vernaamste vraagstukke eens is."**


So 'n optrede, sê prof. Du Plessis sal 'n hegte grondslag verskaf vir die oplossing van vraagstukke.

# Nie-blankes Verwerp Albei Partye

„Daar is geen verskil tussen die Nasionale Party en die Verenigde Party nie," het A. C. Scholtz, die afgelope week op 'n vergadering van die African People Organisation verklaar. Om sy stelling te bewys het hy verwys na die V.P. se houding wat geen beswaar gemaak het teen die apartheid op die Kaapse treine nie maar wat begaan was oor die getorring aan die grondwet. Al taal wat Suid-Afrika sal verstaan, het hy gesê, is geweld. Dit beteken nie dat die nie-blankes die witman moet aanrand nie, maar dat hulle 'n houvas op die land se ekonomie moet kry en dan te staan.

'n Ander spreker, W. Daniels, het gesê dat die uitslag van die verkiesing van naturelleverteenwoordigers toon dat die naturelle ontslae raak van die gedagte om twee groot politieke partye te steun.

# TELEVISIE IN KLEURE



**Suid-Afrika sal een van die dae kennis maak met 'n radiosender waaroor handelaars hul verskillende ware sal adverteer. Hierdie metode van adverteer wat al baie jare in die buiteland in swang is, word nou stadig maar seker in Amerika vervang deur televisie. Ongeveer 500 Amerikaanse fabrikante gebruik tans telivisie om hul produkte te verkoop. Dit is ook tans moontlik om natuurlike kleure met telivisie weer te gee in plaas van die gewone wit en swart beeld. Twee deskundiges wat die werk van die pionier John Baird (in 1946 oorlede) voortsit, is hier besig om kleurtelivisie vir die eerste keer te demonstreer.**

# S.A. Verloor: Kort 2 Stemme

Die algemene Vergadering van die V.V.O. het verlede week sy vorige standpunt en aanbeveling van die Voogdykomitee gehandhaaf deur met 44 stemme teen 2 te beslis dat Suidwes-Afrika onder sorg van die V.V.O. geplaas moet word. Suid-Afrika het slegs die steun van België geniet. Brittanje, Australië, Kanada en Nederland het nie gestem nie.

In die werkende bepaling van die voorstel het Suid-Afrika egter net twee stemme meer nodig gehad om dit van die agenda te skraap want dan sou die nodige tweederde-meerderheid nie verkry gewees het nie. Die stemming was hier 32 teen 14 terwyl vyf lande buite stemming gebly het.

**Daar is nog tyd vir kersgroetes in Die O.B. van 15 en 22 Desember. Stuur u bewoording tesame met 'n halfkroon na Posbus 1411 om ons te bereik die Saterdag voor publikasie!**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerk-gebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.